Rietstok – Uitgawe 70

Winter 2026

Winter



Francois Groenewald:
Weesgerus,10 Julie
Boekevat

U waak, o Heer, in storm en node,
waak deur die lange winternag,
U weer die angel van die koue
En oor ons kuddes hou U wag.

Ges 168:1



Rietvallei by Weesgerus
Wintersaamtrek 2026
Hill, Marx en 'n paar ander…

-

Inhoudsopgawe

Alles ten Goede	p.2
Vanuit my Venster	p.3
Oordenking: Gaan Vertel	p.4
SAWA en Rietvallei Nuus	p.5
Die Tuinman	p.6
Rietvallei vier 20ste Verjaardag	p.7
Wintersaamtrek by Weesgerus	p.10
'n Nuwe Sangbundel vir SAWA	p.14
Die Rietstok – Streeknuusbrief	p.15
Die bepaling van 'n Kworum vir 'n AJV	p.17
Gebiedwerkwinkel oor die 2027 Jaarprogram	p.17
Saamtrekke vir die res van 2026	p.18

Rietvallei Bestuur

Voorsitter:
Pieter Viljoen 078 094-7436
rietvallei@sawa.org.za

Sekretaris:
Pieter le Roux 083 258-3613
rietvallei.sek@sawa.org.za

Penningmeester:
Tjaart Klaasen
tjaartklaasen1@gmail.com

Redakteur:
Johan la Grange 063 132-8151
j_la_grange@hotmail.com

Streekkampkoördineerder:
Bertus Marx 061 581-2560
lpmarx2@gmail.com

Seniorburgerverteenwoordiger
Dalena Marx 082 415 0976
dalenamarx4@gmail.com

Addisionele lid:
Frans Scholtz 082 576-3516
franssc1@mweb.co.za

ALLES TEN GOEDE

Christenwees vrywaar jou nie van seerkry en swaarkry nie, net soos God se Seun ook nie daarvan gevrywaar was nie. Maar as jy God liefhet, is geen krisis in jou lewe te groot of geen ramp so oorweldigend dat God jou nie daaruit kan help of jou die krag sal gee om dit te dra nie.

Die Christen het ook nog 'n verdere versekering: die God wat jou teen rampe en gevare beskerm, sal ook vir jou alles goed laat afloop, maak nie saak hoe die situasie tans vir jou lyk nie. "Eind goed, alles goed," sê die spreekwoord mos. God kan selfs negatiewe dinge in sy kinders se lewe uiteindelik positief laat uitwerk. Onthou dit as die lewe weer met sy verkeerde kant na jou toe staan.

Nina Smit

VANUIT MY VENSTER

Rietvallei vriende, wat 'n voorreg om so in die natuur te sit en tik.
Die drie Rondawels lê so onder 'n mislaag vanoggend, maar die son probeer sy bes om deur te druk.
Hopelik teen 10 uur sal die temperatuur bietjie beter daarna uitsien.

Ons AJV lê ook alweer om die draai en ons tel die slapies af tot ons daar uitkom.



As bestuur het ons so begin Junie 'n gesamentlike vergadering gehad met die ander besture in Jakaranda en die rede vir hierdie spesiale vergadering was om 'n saamkamp ooreenkoms te bereik vir 2027.

Na vele insette en gesprekke kon ons gesamentlik besluit om 4 kampe gedurende 2027 saam te hou. Meer inligting hieroor sal tydens die AJV deurgegee word.

Op nasionale vlak is Niël Goslett nie weer beskikbaar as Nasionale Voorsitter nie en die enigste nominasie wat ontvang is, was die van Jannie Meyer van Oos Rand. Die pos van Penningmeester vir Nasionaal is ook vakant en daar is steeds nie 'n nominasie vir daardie pos nie.

Soos ek seker is jul ook gesien het, is ek nie weer beskikbaar as Voorsitter vir Rietvallei nie. Daar is tot vandag toe nog geen genomineerde nie en ons as bestuur bly positief dat 'n naam in die hoed gegooi sal word voor die AJV. Dit is baie belangrik dat daar wel 'n voorsitter in die streek moet wees.

Dankie aan Johan wat weer so lekker hard werk aan die Rietstok en ek is seker dit sal soos altyd 'n lekker stukkie leesstof wees.

Groete tot ons mekaar die 15de Augustus raakloop by die AJV.

Groete.

Pieter



Oordenking

GAAN VERTEL

Gaan vertel watter groot dinge die Here aan jou gedoen het.
— Mark. 5 : 15—20.

Die Here het aan hierdie man uit wie Hy 'n onreine gees uitgedryf het, gesê, gaan na jou huis en vertel jou mense watter groot dinge die Here aan jou gedoen het en dat Hy jou barmhartig was. Die Here wag altyd met verlange daarna om 'n sondaar barmhartig te wees. Het jy dit al ondervind? Het die Here al groot dinge aan jou gedoen? As dit nie gebeur het nie, dan is dit net omdat jy nog nie besef het dat jy ook verlore is en 'n Verlosser uit daardie boeie van die sonde nodig het nie. Sê ek nou te veel? Nee, ons is wel nie almal kranksinnig en rasend soos hierdie man nie, maar ons is almal in die mag van die sonde, van die duiwel, totdat ons om genade roep en God ons barmhartig is en ons verlos. En as dit gebeur het, dan moet ons dit ook dadelik aan ander vertel. Dit sal ons geloof baie versterk en dit sal help dat ander nie met allerhande versoekings na ons kom as hulle weet ons staan nou aan die Here se kant nie.

Maar, die Here sê altyd vir ons: "gaan vertel". Ons moet aan ander vertel van die treffende preek of boodskap wat ons gehoor het, van die gedagtes wat ons getref het. Ons moet napredikers wees sodat diegene wat nie die boodskap ontvang het nie, deur ons lus gemaak word om ook so 'n boodskap te ontvang.

'n Groot prediker wat baie sukses gehad het om mense na die Here te lei, is eenmaal gevra hoe hy dit regkry. Sy antwoord was: "Dit is nie ek nie. Dit is my gemeente. Ek preek elke Sondag uit my hart vir diegene wat kom, en dan gaan die twee- of driehonderd uit en preek my preek oor aan duisende. Elke dag van die week vertel hulle iets uit my preek aan iemand en dan kom hulle ook by my lig soek. So word baie wat ek nie sou kon bereik nie, deur my napredikers vir die Here gewen."

Ons kan nie almal predikers of sendelinge wees nie, maar ons kan almal napredikers wees en wie weet hoeveel pêrels wat vir Jesus se kroon gewen word, by die napredikers se name opgeskryf kan staan? Het jy al ooit vir jou vriende, iets moois uit Sondag se boodskap oorvertel? Daar rus regtig 'n verpligting op ons wat so 'n boodskap gehoor het. Die Here sê ook vir óns: "Gaan vertel aan ander." Laat ons dan die geestelike voedsel wat ons kry herkou, oordink, en die kostelike waarhede ook aan ander meedeel.

MJ van Straten
(Kosbare Pêrels)

SAWA EN RIETVALLEI NUUS

Nasionaal:

Sekerlik die mees opvallende op die Nasionale front is dat Niël Goslett nie beskikbaar is vir die volgende termyn as Nasionale Sekretaris nie. Op tipies SAWA wyse moes daar gesoek word na alternatiewe nominante en soos gewoonlik, het slegs een nominasie die "hoed" gehaal. In die 2026 – 2027 geval, is die persoon van die oomblik Jannie Meyer, huidige Nasionale Ondervoorsitter en gebiedsvoorsitter van Oosrandia. Jannie word alreeds gelukgewens met sy nuwe skoene, maar prosedureel is dit nog voortydig, aangesien die verkiesing van 'n nuwe voorsitter eers tydens 'n nasionale vergadering plaasvind en vanjaar word dit op 10 Oktober gehou. Tot dan bly Niël aan die stuur as Nasionale Voorsitter en Jannie as Nasionale Ondervoorsitter en gebiedsvoorsitter, hoewel Hentie Wessels van Streek Rietfontein reeds as Gebiedsvoorsitter verkies is vir die termyn 2026 – 2027.

'n Driemanskap vorm die "SAWA Dagkantoor" en bestaan uit die Nasionale Voorsitter, die Nasionale Sekretaris en die Nasionale Penningmeester. Deurdat Martin Rix homself beskikbaar verklaar het vir die volgende termyn, is hy suksevol genomineer en 10 Oktober geld die verkiesing dus as bevestiging, soos in Jannie se geval.

Met die skrywe van hierdie artikel is daar egter nog geen kandidaat vir die Nasionale Penningmeester posisie nie. Op 21 Julie 2026 skryf Niël Goslett:

> *Die Nasionale Bestuur het wel aksies in plek om die SAWA finansies en boekhouding te hanteer, maar ons is grondwetlik verplig om 'n Nasionale Penningmeester aan te stel. Tot dit gebeur neem die Nasionale Bestuur gesamentlik verantwoordelikheid, maar ons moet die pos vul.*
> *Die Gebiedsvoorsitters is versoek om weer na die Streke te gaan vir voorstelle. Ons moet iemand met kundigheid kry in hierdie pos.*

Niël skryf ook dat Melicia Engelbrecht van Streek Suidwes-Kaap die Nasionale Bestuur tans bystaan met finansiële sake.

Benewens 'n "Minister van Finansies" is SAWA op soek na 'n webmeester om die webadminsitrasie by Magdaleen Viljoen oor te neem. Net soos die penningmeester portefeulje is hierdie ook nie 'n "maak-'n-plan" taak nie. Gepaste vakkundige kennis is nodig om die taak te verrig, veral wanneer die bedryfstelsel of ondersteuningsagteware hik…
Ongelukkig gebeur dit van tyd tot tyd en hoewel dit nie deel van die webmeester se taakbeskrywing is nie, wil almal van die webmeester 'n oplossing hê… Baie dankie, vir jou werk gedoen, Magdaleen! Ons hoop dat die nuwe webmeester jou goeie werk sal oppas en voortsit.

Gebied Jakaranda

Die wintersaamtrek was nogal suksevol. Sien artikel elders in hierdie Rietstok.
Francois Groenewald is verkies as gebiedsvoorsitter vir die volgende jaar. Die ondervoorsitter sal by die volgende gebiedsvergadering verkies word. Die huidige sekretaris en penningmeester het hulle self beskikbaar verklaar vir die volgende jaar.

Rietvallei

Rietvallei is goed oppad na die 2026 AJV. Pieter en Pieter het die dokumentasie so te sê gereed en Tjaart het die finansiële state vir die vorige jaar voltooi en ook die finansiële verslag van die finansiële beampte terug ontvang.

Nominasie vorms vir bestuurslede is reeds in die e-pos en Pieter of Pieter ontvang graag voltooide nominasievorms. Onthou asseblief dat, al het 'n persoon ingewillig om beskikbaar te wees vir 'n bestuurspos, formele nominasie nog nodig is.

Van nominasies gepraat, tans is daar twee bestuursposisies waarvoor kandidate nog nie geïdentifiseer is nie, nl. Voorsitter en Redakteur. Sonder 'n redakteur kan mens gemaklik klaar kom (sien ook artikel oor die Rietstok elders); maar sonder 'n voorsitter, nie sommer nie. Armdruk mag help, maar gaan nie maklik die wa deur die drif kry nie.

Geldige nominasies is besonders welkom; nee, dringend nodig!

DIE TUINMAN

Spit, o Tuinman, spit diep, tot die aardlippe klou;
Drenk die vetste van aarde met lawendste dou
En dan wag. In die nag bring Hy blomkelkies broos,
Want Hy ken die geheim van die vorm van die roos.

Snoei, o Tuinman, snoei flink — hou die knoppe gerig
Na die son, want die roos is 'n kind van die lig:
Laat 'n sonstraal hul wek met 'n kus uit die Oos —
Hy ken ook die geheim van die kleur van die roos.

Spoel, o Tuinman, spoel goed — hou die vyande weg,
Rein van bloesem en blad kom die roos tot sy reg.
Slaap dan sag, want Hy kom voor die more nog bloos
En Hy ken die geheim van die geur van die roos.

Vang, o Tuinman, die attar wat drup in die nag
En geniet van jou kleur-karnival elke dag;
En as winter dan kom en jou tuin alles derf,
Dink: Hy ken die geheim van die skoonheid wat sterf.

Bid, o Tuinman, bid steeds, dat jou gaarde nie kwyn,
Dat haar heerlikheid nie van die aarde verdwyn,
Voor Hy eendag ook jou — en dit sy jou tot troos —
O so saggies sal weghark tesaam met die roos.

AG Visser

RIETVALLEI VIER 20STE VERJAARDAG

Streek Rietvallei is op 20 Mei 2006 gestig. Die hoogtepunt van die verjaarsdagviering was 'n middagete en saamkuier op 16 Mei by Renaissance Faerie Glen. Die geleentheid is deur die meerderheid van die Rietvalleiers bygewoon en in die oortreffende trap geniet.

Soos gebruiklik, was die eerste stap om, reeds maande voor die tyd, 'n "feeskomitee" op die been te bring, wat die geleentheid na "behore" kon reël. Die komitee het bestaan uit:

- Elmarie le Roux (sameroeper),
- Tjaart Klaasen
- Marietjie Klaasen
- Pieter Viljoen en
- Dalena Marx

Hulle het ongelooflik baie werk aan die geleentheid spandeer en dit is weerspieël in die afgerondheid van die geselligheid.

Daar is spesiale moeite gedoen met sekondêre sake soos geskenkies vir lede, 'n oudio-visuele voorstelling van die geskiedenis van die streek, tafel -uitsallings en -versierings en selfs voorstellings van kamptemas voor in die saal.

Tjaart Klaasen het verantwoordelikheid vir die oudio-visuele voorstelling geneem. Eers het hy gevra vir foto's en daarna gekyk na ou publikasies soos streeknuusbriewe en kampnuus. Meeste publikasies is uit SAWA se webblad argief afgelaai. Daaruit het hy foto's uit ge"knip" en oorgeplaas. Die aanbieding duur net meer as dertig minute, wat 'n aanduiding gee van die omvang van die program. Die voordeel van die aanbieding is dat, selfs na die verjaardagviering, 'n groot deel van die wel en wee van die streek byeen gebring is. (Afskrifte is by Tjaart beskikbaar. Tjaart vra dat 'n geheuestokkie saamgebring word – Die aanbieding is so groot dat meeste e-pos stelsles net anderpad kyk).

In SAWA word hierdie tipe geleenthede meesal tydens saamtrekke gehou. Soos met oggendkuiers, is daar besluit om hierdie geleentheid "op die tuiswerf" aan te bied. Dit het toeganklikheid verbeter, sonder om groot afstande af te lê of om te wonder oor slaapplek. Dit was ook makliker om benodigdhede aan te ry en die spyseniers is net om die draai en goed bekend.



Soos dit hoort, was daar 'n tafel besettingsplan by die ingang beskikbaar. Die ingangsportaal was besonders versier met temaligte en verwelkomingsdrankies. Soos ons al gewoond is, is dit moeilik om so 'n geleentheid aan die gang te kry. Die kuier vlot só goed dat dit moeilik raak om almal se aandag te verplaas. Die program is gemaklik gevolg en dit was aangenaam om bekende name met onbekende gesigte te ontmoet, soos Johann en Elsabé Grobler.

Die middagete is verskaf deur Square Time en was, met die insette van Elmarie le Roux en Pieter Vijoen, net soos die Rietvalleiers daarvan hou, met malva poeding. Soos in 'n groot familie, pas die spyskaarte in 'n bekende, smaaklike patroon.



Alida Venter, Stefanie Scholtz en Marietjie Klaasen word bedien met die uitsoek disse.

In 2027 vier Rietvallei 21 jaar. Gewoonlik 'n groot mylpaal in mense se lewens, maar dis te betwyfel of Rietvalei haar 21ste verjaarsdag op dieselfde manier sal vier. Daarom, ons groot dankie aan almal wat gehelp het om die geleentheid te reël, voor te berei, aan te bied en na die tyd weer op te ruim. Van die voorste voorvatter van die reëlingskomitee tot die kleinste kleinkind wat gehelp het om "goete" weg te dra. Van die gebiedsvoorsitter wat kom "sê" het, tot die oudste lid wat kom saamsit het, van die kampkommandant tot die groen feetjies wat na die tyd laat weet het hulle was ook daar.



Kamp-aktiwiteitsuistalling:

Le Roux en familie



Kampvuur aan tafel

Pieter le Roux



Alles reg? *Alles reg!*

Marietjie Klaasen en Magdaleen Viljoen



Finale verstellings vir die vertoning

Tjaart Klaasen



Johann Grobler
Aanvangsgroep



Klaus Lübbert
Aanvangsgroep



Margriet van den Berg
Aanvangsgroep



Chris Delport
Die man van die "Kantoor"





Spesiale Taakspan

WINTERSAAMTREK BY WEESGERUS

Die wintersaamtrek is gehou van 8 Julie tot 12 Julie. Eers die seniorsaamtrek tot die 10de en daarna die gebiedsaamtrek. Daar was redelike belangstelling vir staanplekke voor en na die saamtrek ook. Trouens, Div en Erika De Villiers sou by Weesgerus kamp, tot nader aan die einde van Julie.



Waentjies in 'n kring:

Van Rietvallei:
Pieter en Magdaleen Viljoen,
Tjaart en Marietjie Klaasen.

Van Wapadrand:
Andy en Janetta Toerien,
Willy en Andriette Jacobs.

Hierdie was Gebied Jakaranda se jaarlikse gebiedsaamtrek, maar slegs 41% was lede van Jakaranda; 7% van die bywoning was uit Vaaldriehoek en 52% uit Oosrandia. 19% van die waens was van Streek Rietfontein; by verre die bes verteenwoordigde streek. *Streek* Rietfontein het met dieselfde getal waens gekamp as die hele *Gebied* Jakaranda. Baie dankie en veels geluk, Rietfontein!

Die bywoning was minder as vorige jare, maar help steeds om die ondersteuning van die oord te behou. Met Martin Rix, Tjaart Klaasen en Pieter Viljoen as eerste kontakgroep met die oord, het Weesgerus ons goed behandel. Voorafgereelde versoeke is meesal vroeër as benodig uitgevoer, terwyl die die Rooiboksaal goedgunstiglik beskikbaar gestel is vir die boekevat geleentheid Sondag.

Die seniorsaamtrek het van Woensdag tot Vrydag geduur en het grootliks in die sirkels plaasgevind, waar lekker gekuier, gebraai en gesels is. Die moediges het gaan swem – veral in die onderak swembad, verkieslik wanneer daar nie 'n musiekfees aan die gang was nie. Bertus het aan alles meegedoen, maar veral gewerk aan die oranje kombi.



Vorige jare het ons geleer om liefs droeë hout saam te bring eerder as om hout "oorkant die pad" te koop. Dit was 'n slim plan, want van ons nie-SAWA bure het een aand kom vra of hulle asseblief die res van ons

braaivleisvuur kon gebruik, want hulle vuur wou glad nie brand nie…! Vir Bingo Woensdag, was daar geen belangstelling nie. Vir 8 Julie was daar 17 bespekings en vir 9 Julie 26 besprekings.

Vrydag was die begin van die Wintersaamtrek. Soos beloof, het Rietvallei hamburgers gemaak en verkoop. Pieter Viljoen het kwaliteit bestanddele gebring. Almal het iets gehad om te doen en dit was een van lekkerste saamwerkgeleenthede in 'n lang tyd. Bertus het oral gehelp, maar meesal die oranje kombi geselskap gehou. Met vuurmaak is hy regtig handig

Francois Groenewald het die opening en boekevat hanteer en die vure het lekker hoog gebrand (al twee). Die hamburgers was op die "selfbou" beginsel aangebied en verkope was flink. Pieter het vooraf bestellings geneem en dit het baie beter gewerk as vorige jaar se "kom koop as jy wil". Die Bingo goete was gereed vir aksie, soos op die kampinligting gesê, maar belangstelling het weer verkluim. Dis toe maar terug sirkels toe vir vurige filosofië en warm geselskap wat uitgeloop het op lekker ontspan in die warm swembad.



Net voor boekevat, Vrydagaand.
Francois Groenewald, Janetta Toerien, Naomi Groenewald, Tjaart en Marietjie Klaasen, Pieter en Magdaleen Viljoen, Simoné du Plessis, Willy en Andriette Jacobs, Henry Hill, Erna la Grange, Kobie en Leonard van derZwan en regs, op die kant, Elize en Hentie Wessels.

Saterdag het vroeg afgeskop, met Pieter wat pannekoek gaan haal het en stukke vir die oranje kombi gaan koop het. Bertus? Bertus was onder die oranje kombi. Wat Bertus nié aan die kombi gedoen het nie, is nog nie uitgedink nie. Wat Bertus alles aangepak het en dit met die beperkte toegang tot werkplek, gereedskap, werkswinkeltoerusting en onderdele, is verbluffend.

Saterdagoggend se hoogtepunt was die vendusie van kamptoerusting met pannekoek verkope, gevolg deur die weeshuisaktiwiteit, Bingo. Fanie Marx (jnr) was afslaer en Wilanda Prinsloo vedusieklerk. Fanie jaag die pryse op as die kopers se entoesiasme nie wil opvlam nie en Wilanda moet boekhou van wie wat koop teen watter prys en dan nog die artikel merk met 'n plakker sodat dit nie weer opgeveil word nie en allerhande goete in Pieter se "koelerboks" pak waarop hy kwansuis sou gebie het...



Wilanda Prinsloo en Fanie Marx (Jnr):
Jy wou nog altyd só een gehd het



Dié groen "koelerboks" sou Pieter duur kos, want "sit dit in die koelerboks!

Die veiling was 'n suksesvolle fondsinsameling. Of die ware wat verkoop is altyd "goeie" waarde vir geld was? Soms wel, maar soms (en dis mos 'n ding van 'n veiling) veroorsaak 'n man se trots dat jy veel te veel vir iets betaal, net om 'n "vrind" die loef af te steek! Jakaranda se bankrekening kan nie kla nie. Uitgawe R0-00, alle inkomste suiwer wins!.

Pieter Viljoen het pannekoekvervaardiging uit gekontrakteer met 'n streng "per bestelling" beleid. Dit het goed gewerk; daar was omtrent 200 pannekoeke. G'n "bak gou nog 'n paar" of "wat maak ons met al die deeg" nie. Om pannekoeke warm te hou was ook nie 'n probleem nie, want Pieter het sy warmhou gereedskap van die vorige aand gebruik.

Uiteindelik het die Bingo-span hulle beurt gekry en so 'n handvol rondtes gespeel. Aangenaam en plesierig en die pryse was welkom. Maar, nee-wat! Dit lyk asof Bingo nie meer soveel aftrek kry nie. Dit kan nog altyd 'n plesierige tydverdryf wees om mense mee besig te hou. Moet darem byvoeg dat Chris Pienaar se dogter nie hierdie winterkamp bygewoon het nie. Die mannetjies wat vir hulle pa's kom houtskool wen het, was ook nie vanjaar daar nie.



Pieter Viljoen speel Bingo-roeper



Bingospelers:
Dalena, Naomi, Janetta, Andriette, Willy, Erna, Japie en Magda

Saterdagmiddag-aand het ons lekker vleis gebraai en toe gaan swem… Nee! Gelukkig het Pieter en Magdaleen eerste gaan swem en kom vertel dat daar 'n musiek / disko-aand binne die binnehuise swembad gehou word en hulle het dit nét misgeloop. As lekker-lawaai jou idee van vermaak is, sou dit baie lekker gewees het, maar as jy sommer net wil rondhang en miskien gesels? Nie tensy jy en jou maters gebaretaal ken nie. Maar dis eintlik ook geen katastrofe nie; Sondagaand sou daar weer 'n geleentheid wees.

Sondagoggend is 'n erediens in die Rooiboksaal gehou. Pastoor Kyla Brits van die AGS hier op die dorp het 'n boodskap gebring. Kyla is goed bekend met karevaan vakansies, want hulle het self so 'n ding daar op die werf en besoek graag die wildtuin. Vanuit hierdie gemeensklaplike raakpunt het sy haar boodskap ontwikkel oor om primêr die koninkryk van God te soek.

Kyla het haar boodskap geanker aan tekse soos:

Matt 6:33

> *Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.*


Matt 13:45, 46

> *Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n handelaar wat op soek is na goeie pêrels. 46 As hy 'n baie waardevolle pêrel raakloop, gaan verkoop hy alles wat hy het, en koop die pêrel.*

Op hierdie hoogtepunt is die saamtrek afgesluit. Tjaart en Pieter-hulle het Sondag vertrek. Die res is Maandag vort; behalwe Div en Erika, wat nog langer wou kuier.

Die oranje kombi? Pieter en Bertus het die kombi veilig gaan bêre vir 'n "word vervolg" afspraak op 'n ander dag.

Volgende jaar is daar 'n plan om weer Weesgerus toe te gaan, maar daar was versoeke van streke in die Gebied dat die saamtrek terug sal skuif om oor 16 Junie te val. Dalk so van 15 tot 21 Junie? Die manne met die lang potlode, teleskope en satelliethorlosies besin nog daaroor.



Te-koopware wat aangebied is vir die veiling.

Penningmeesters van Rietvallei en Jakaranda uitgesluit.

'N NUWE SANGBUNDEL VIR SAWA

Die Sangbundel Komitee bestaan uit Jannie Meyer (sameroeper) Magda de Villiers, Alet Meyer, Litia Joubert, Tinus Fourie, Edward Leach en Chris Delport.

Doelwit:
Die huidige sangbundel bestaan uit 57 liedere. Die komitee is van mening dat die bundel uitgebrei kan word om meer liedere in te sluit soos wat tans in ons kerke gebruik word. Op die oog af is die huidige bundel saamgestel nadat die Liedboek van die Kerk verskyn het, maar voordat liedere, soos die wat in VONKK verskyn, meer algemeen geword het.

Vordering:
SAWAnante is gevra vir voorstelle van liedere om bygevoeg te word en dié is byeengebring in 'n Sharepoint "ruimte", vanwaar die Sangbundelkomitee 'n seleksie sal maak vir byvoeging tot ons sangbundel.
Jannie sê dat die voorneme is om 'n nuwe sangbundel by die 2027 SAWA Paasfees bekend te stel. Trouens, vir die afgelope twee jaar was daar reeds van die liedere by die Paasfees byeenkomste gebruik, wat beoog word vir die nuwe bundel.

Uitleg van nuwe sangbundel
Die nuwe sangbundel sal baie soos die huidge lyk. Die uitleg sal soortgelyk wees, met lirieke van die eerste vers by die bladmusiek, wat ook akkoorde kan bevat en die res van die verse onderaan, in gewone teks.
Die komitee beoog rubrisering van die liedere soos tans. Dit sal meebring dat sommige van die bestaande liedere se nommers waarskynlik sal verander, wat nie 'n probleem behoort te wees nie, indien geskikte kruisverwysings en indeksering verskaf word.

Te Doen:
Die nuwe bundel sal omtrent 30 addisonele liedere bevat. Die komitee moet nog die finale keuse maak en dan kan die werk begin om die bundels te produseer: Rubrisering, orde skikking, uitleg, produksie en al die lekker dinge wat daarmee saamgaan.

Slotsom:
Die komitee het 'n stewige taak om die sangbundel teen einde Maart 2027 te realiseer. Sterkte! Die skrywer hoop op iets wat gemaklik sal inpas in streke se doen en late. 'n Bundel wat maklik met die ou bundel versoenbaar is en gemaklik langs mekaar gebruik kan word. Daarvoor sal 'n goeie inhoudsopgawe, 'n handige eerstelyn indeks en duidelike kruisverwysings tussen die bundels nuttig wees.
O ja, en die prys van die bundel moet darem ook nie 'n mens se kampbegroting kelder nie!

Nota: Insette is verkry van die sameroeper van die Sangbundelkomitee, Jannie Meyer, en die verslag wat gedien het tydens die Nasionale Vergadering gehou in 2025.





Skakel Dalena Marx
vir
Bioway goggagif
en
30 mikron swartsakke
by
082-415-0976

Bioway: 1l, 2l en 5l
Swartsakke: 50 of 100 sakke
Skoonmaakmiddels: 2l, 5l en 25l

Advertensie

RIETSTOK, 'N STREEKNUUSBRIEF

SAWA onderskei twee tipes nuusbriewe:

- Nasionale nuusbriewe (Administratiewe Reëls en Aanbevelings (ARA) §11.1)
- Streek nuusbriewe (ARA §11.2)

Die SAWANANT het gereeld verskyn, maar is intussen gestaak; waarskynlik óf omdat daar te min belangstelling vir die publikasie is, óf omdat insette opgedroog het. Hoe ook al, op nasionale vlak was daar 'n besluit om vir eers publikasie van die SAWANANT te staak.
Streeknuusbriewe het ook skaarser in SAWA geword. Volgens die 2025 jaarprogram was daar 22 streke en 2 satellietstreke. Tog, slegs 4 streke het streeknuusbriewe gepubliseer, met die gevolg dat daar besluit is om geen "beste nuusbrief" toekenning te maak nie.

Doelwitte:
ARA §11.2 beskryf die doel van 'n streeknuusbrief as:

> *Die primêre doel van 'n nuusbrief is om die lopende gebeure in 'n streek en ander SAWA-nuus aan die lede oor te dra.*

Rietstok het ontwikkel om beide doelwitte te bevredig. Meer nog, Rietvallei het meer publikasies ingestel om te help om die doelwitte te bevredig, waaronder kampnuusbriewe, nuus oor gemeenskapssteun inisiatiewe en spesiale kuiergeleenthede.
Rietvallei het ook nuus oor en van ander dele van SAWA ingesluit en, waar moontlik, ontwikkelings in SAWA en projekte van SAWA beskryf.

Vir die laaste aantal jare het die Rietstok kwartaalliks verskyn en is aangevul deur selfstandige artikels wat afsonderlik gepubliseer is volgens behoefte en geleentheid. Die versoeking is soms groot om sulke artikels verbatim in die Rietstok op te neem, wat 'n verhoogde web- en e-pos aktiwiteit tot gevolg het, maar dit sal oneerbiedig teenoor die lesers wees. Dus, indien daar meer kere oor 'n spesifieke onderwerp of geleentheid geskryf word, behoort die artikels afsonderlik ontwikkel te word en verkieslik deur verskillende skrywers voorberei word.

'n Rietvalleier het in die afgelope jaar opgemerk dat daar maar min lede is wat die Rietstok lees; waarskynlik na aanleiding van haar persoonlike terugvoering van ons mense. Daarmee is geen fout te vinde nie. In 'n wêreld van 'n veelvuldige sosiale media platforms en kanale het die teikengehoor waarskynlik al die boodskap reeds op verskillende media ontvang.

Die vraag ontstaan of dit nog die moeite werd is om steeds 'n streeknuusbrief uit te gee?

Nee, want

- Dis "ou" nuus.
- Inligting is altyd elders beskikbaar.
- Streeknuusbriewe dien geen doel meer nie.
- 82% van alle streke en satellietstreke het reeds daamee weggedoen.
- Maandelikse terugvoering van die nasionale voorsitter ondervang eintlik al die SAWA nuus van buite die streek.

Ja, want

- Daar word gereeld verslag gedoen oor die "lopende gebeure" in die streek
- En dikwels oor wat voorlê.
- Die blad verskyn "gereeld" soos voorgestel
  (Gesien die definisie van "gereeld", kan dit interessant raak!).
- Soms vertel Rietvalleiers van spesiale ondervindings, soos 'n besoek aan Suid-Amerika.
- SAWA agtergrondinligting kan gedeel word.


Dit is die skrywer se hoop en wens dat die Rietstok sal kan voortgaan, wat moontlik sal wees indien:

- 'n Gewillige redaksie saamgestel kan word.
- Daar genoeg gebruiksbelangstelling vir 'n streeksnuusbrief in Rietvallei bestaan.
- Belangstellende artikelskrywers beskikbaar is.
- Die materiaal vervat in die nuusbrief genoegsame belangstelling wek.

Mag daar nog lank 'n Rietstok wees! – As iemand dit nuttig vind.



Om te kamp in die Bosveld
Marx en De Villiers by Weesgerus



*Hoe ouer mens word, hoe beter onthou jy dinge wat **nooit** gebeur het nie*

Mark Twain

As jy ooit wonder hoé oud 'n dame is,
Vra haar skoonsuster…

Edgar Howe



Advertensie

DIE BEPALING VAN 'N KWORUM VIR ALGEMENE JAARVERGADERINGS

Tydens die 2025 Nasionale Vergadering (kongres) was daar heelwat aandag gegee aan die bepaling van die getal aktiewe lede in 'n streek en die algemene opvatting was dat dit sou help om die kworum vereistes vir Algemene Jaarvergaderings (AJV) bereikbaar te maak vir streke wat sukkel óf om teenwoordigehied by vergadering te verseker óf streke waar ledetal drasties geval het.

Die 2025 grondwet pak egter hierdie aangeleentheid op 'n ander manier aan:

2.5.6. Kworum by Algemene Jaarvergadering en Spesiale Vergadering van streke

In die geval van 'n streek met dertig (30) en meer stemgeregtigde lede, dit wil sê mans en vrouens, sal 'n kworum bestaan uit minstens vyftien (15) van daardie lede. In alle ander gevalle sal 'n kworum bestaan uit die helfte plus een (1) van die stemgeregtigde lede.

Waar 'n SAWA vergadering in geheel of gedeeltelik virtueel plaasvind, ***word lede wat hulself identifiseer as teenwoordig deel van die vergadering*** *geag.*

Indien 'n kworum nie binne sestig (60) minute na die aanvangstyd van so 'n vergadering gevorm *kan* word nie, *sal die* ***aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum vorm****.*

Hierdie kan vertolk word as om te beteken:
Inien daar nie 'n kworum by 'n AJV gevorm kan word nie,
kan die vergadering 60 minute wag, waarna die reeds **teenwoordige stemgeregtigde ledelede** 'n kworum vorm.
Die minimum aantal lede vereiste verval dus en die vergadering kan voortgaan, ongeag die getal teenwoordiges.

Die 2025 grondwet is beskikbaar by:
https://www.sawa.org.za/wp-content/uploads/Grondwet_20251011.pdf

Die Administratiewe Reëls en Aanbevelings 2025 is beskikbaar by:
https://www.sawa.org.za/wp-content/uploads/Administratiewe-Reels-en-Aanbevelings_20251011-v2.pdf

GEBIEDSWERKWINKEL OOR 2027 JAARPROGRAM

Gebied Jakaranda het 'n werkswinkel gehou op 13 Junie by De Meerpaal om die samestelling van 'n 2027 Saamtrekprogram te oorweeg, wat ten doel het om saamkampgeleenthede te identifiseer en te skep, waartydens die streke in Jakaranda dieselfde oord op die dieselfde naweek sal besoek om verhoogde besettingsgetalle teweeg te bring en om 'n samehorigheidsgevoel in die Gebied te versterk. Soos tevore genoem, raak deelnemergetalle by streeksaamtrekke dikwels te klein om tot nut te wees om afslagpryse by oorde te beding.

Tydens die vergadering is in beginsel besluit om elke streek die geleentheid te bied om ten minste een so 'n saamkampgeleentheid per jaar te reël, te organiseer en aan te bied. Volgens inligting ontvang, blyk vir 2027 die volgende (op die oomblik):

Streke hou saamtrekke (soos gewoonlik) in:

- Januarie
- Mei
- Augustus
- Oktober en
- November

Streke hou **gesamentlike** saamtrekke in:

- Februarie gereël deur Kiepersol
- April gereël deur Rietvallei
- Julie gereël deur Bosveld
- September gereël deur Wapadrand

Streke hou 'n **gebiedsaamtrek** in:

- Junie gereël deur Gebied Jakaranda

Streke woon **Nasionale saamtrekke** by in:

- Maart SAWA Paasfees gereël deur Gebied Noord-Oos Vrystaat
- September Noordelike Nasionaal en 100+ gereël deur Gebied Jakaranda

Let daarop dat daar vir September twee inskrywings is. Die bedoeling is dat die twee saamtrekke saam sal val. Die reëling van hierdie saamtrek sal waarskynlik in samewerking tussen Jakaranda en Wapadrand geskied.

Saamtrekke vir die res van 2026

Maand	Datum	Oord	Tipe saamtrek	Naweek	Weeknag	Week	Admin
Augustus	28 – 30	Onverwags	Streek	R600.00	R150.00	R1,100.00	R50.00
September	14-20	San Cha Len	Senior en Streek	R600.00	R200.00	R1,300.00	R50.00
Oktober	16-18	Weavers Roost	Streek	R560.00	R150.00	R1,300.00	R50.00
November	20-22	Klein Paradys (Modimolle)	Streek	R794.00	R282.00	R1,376.00	R50.00

Die besonderhede hierbo is soos dit tans bekend is en kan verander.
Finale inligting word in saamtrekkennisgewings gegee.